

25 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 9:1-19
Fokusgedeelte: Handeling 9:15

Die getuie van Jesus – die roeping van so 'n getuie

Hoor jy die verskriklike opdrag aan 'n gewone mens, 'n dissipel van Jesus Christus, 'n man met die naam Ananias? Hy kry die naam en adres van die grootste vervolger van die kerk van die Koning van die Kerk! Saulus van Tarsus. Die Fariseër by uitnemendheid. Die man wat tog net ten alle koste 'n einde moet maak aan hierdie sekte wat hulle “die Weg” noem. Ananias moet na hom toe. Kan dit wees? Is dit wat die geloof van jou vra? Jou lewe op die altaar? Weet die Here dan nie, of neem Hy dit nie in aanmerking nie? Kyk hoeveel kwaad het Saulus die heiliges in Jerusalem aangedoen. Hy boei almal wat Jesus Christus aanroep. En nou: hy moet na Paulus (Saulus), die boeier van Christene, toe!

Kan dit wees? Saulus bid! Boonop het Saulus hom, Ananias, in 'n gesig aanskou om hom deur handoplegging weer te laat sien. Onontwykbaar is die opdrag: hy moet na Judas se huis in Reguitstraat toe! Daar wag Saulus! En tog sê die Here Jesus vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig! Die Here Jesus het hom verkies. Nie net uitverkies nie, maar het hom ook bestem tot diens. Die vervolger is 'n werktuig in Koning Jesus se hand! En daardie werktuig het 'n radikaal anderse doelwit as die uitskakeling van die getuies van die Weg. 'n Volkome ommekeer is vir hom bestem. Hy moet sy nuutgevonde Here se Naam gaan dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.

Die vervolger en vermoorder moes aan die hand van die Here eers leer om 'n lyer te wees. 'n Lier in offers, opoffering en ontbering. 'n Lier om getuie van Jesus te wees. Paulus sou 'n lyer wees en Ananias daarmee saam om Paulus die hande op te lê. 'n Lier om leier te word van die evangelie na nasies en konings en sy eie mense. Deur 'n lyer weerklink die Blye Boodskap die beste op Jesus se manier!

Sing: Psalm 33:5 (1936)

Ds. SD de Kock (Potchefstroom-Suid)